LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

17-01-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 2 VIR 2018

1 **ATLETIEK: DINSDAG, 23 JANUARIE 2018**

- Die skool verdaag môre om 13:00 a.g.v. die atletiek wat om 13:30 begin by Hoër Volkskool se bane tot ± 18:00.
- Atlete mag nog vir Dinsdag se byeenkoms **VOLKIE-VRYDAGDRAG** dra maar vir Vrydag, as 'n kind sou deelneem, **SKOOL-ATLETIEKDRAG**.

ATLETIEK: VRYDAG, 26 JANUARIE 2018

- Atlete vertrek 10:30 vir die byeenkoms by DP de Villiers stadion wat 12:30 begin. Toestemmingsbriewe moet asb voltooi word. Ouers moet asb probeer om sover moontlik self die atlete te vervoer. Vir enige navrae kontak vir Mnr Tewis v/d W by 0769050672.
- Daar sal toegangsgelde gevra word - R10 en R20.

2 **BL VERKIESING:**

Ons BL verkiesing vind vanjaar plaas op 1 Maart 2018 om 18:00 in die saal. Hierdie is 'n baie belangrike datum, waar al ons ouers teenwoordig moet wees. Hou asb die datum oop.

3 **HUISWERK:**

Van volgende week af sal al die Graad 1-5 leerders se huiswerk op die D6 School Communicator beskikbaar wees. Graad 6 en 7 leerders moet self hul huiswerk afskryf.

4 **BAIE DANKIE:**

Baie dankie vir elke ouer wat Saterdagoggend die Ouerdag en Graad 1 braai bygewoon het. Ons glo en vertrou dat u die dag saam met ons geniet het en dat dit leersaam was. Sodra ons die aanbieding ontvang het, sal dit op die School Communicator beskikbaar wees.

5 **SWEM**:

Daar is swemoefening op Dinsdag, 14:00 - 15:00 en Donderdag, 15:00 - 16:00 by die Hoërskool se swembad.
Datums van swemgala:
31 Jan; 7 Febr; 14 Febr; 21 Febr; 28 Febr; 7 Maart - Interlaer.

6 **SKOOLUITKOMTYE**:
Skool begin daagliks om 07:25. Maandag tot Donderdag verdaag:
..... die Gr RR, R, 1 & 2 - om 13:00
..... die Gr 3 - 7 - om 13:45
Vrydag verdaag die skool om 13:15.

7 JAARBLAD:
Alle laat bestellings vir 2017 se Jaarblad kan nog tot 31 Januarie geplaas word met betaling by Mev Chrisna Meyer in die finansieskantoor. Koste beloop R170 per boek.

8 **KLEREBANK**:
Ons versoek ouers om asb alle skoolklere wat u nie meer gebruik nie vir ons Klerebank te skenk .

9 **OP- EN AFLAAI VAN LEERDERS:**
Ouers word versoek om asb die leerders net op- of af te laai by die skool. Ons het baie leerders en ouers wat geakkomodeer moet word by die parkeerplekke by die hekke. Neem mekaar in ag asb!

Ons versoek u vriendelik op asb VAN DER WESTHUIZEN STRAAT soos 'n eenrigting te hanteer (oggend en middag vir op- en aflaai van leerders) van Begemanstraat op na Pick & Pay (suid na noord).

10 **REDENAARS:**
- Ons skoolredenaars vir om die draai. Hierdie jaar se temas is as volg:
  Junior redenaars: 6 Februarie 2018 EN Senior redenaars : 7 Februarie 2018
- Leerders wat wil deelneem moet voor of op 26 Januarie 2018 hulle name vir Juf Lizelle (Jnr) en Juf Madeleine (Snr) kom gee. Jou tema en onderwerp is baie belangrik.
- Temas:

Graad 1 tot Graad 3	Graad 4 tot Graad 5	Graad 6 tot Graad 7
Goud	Smaak	Uurglas
Druppeltjies	Vingers	Hoop
Miere	Drup	Teken
(2-4 minute)	(3-5 minute)	(4-6 minute)

11 **VOLKIE VERE KLEREWINKEL:**
Sekere van ons klere is tans uit voorraad. Die fabrieke het 15 Januarie 2018 geopen en is tans besig met ons bestellings. Ons verwag ons eerste besending voorraad vanaf 29 Januarie. Jammer vir die ongerief. Ons hou is op hoogte.

12 **RUGBY**: ***(HOU DIE DATUMS OOP)***
1 Maart is Pa en seun rugbybraai
3 Maart is Pa en seun rugbydag by Loftus - Blou bulle vs Leeus (R250 per volwassene en R150 per seun wat vervoer, ete en rugbykaartjie insluit)

13 **EISTEDDFOD**:
Neem asb kennis dat die Heidelberg Eisteddfod hierdie jaar vanaf 14-26 Mei plaasvind. Sluitingsdatum is middel April. Alle verdere inligting sal in die Omsendbriewe geplaas word sodra dit ontvang is.

14 **KOOR:**

Senior koor keuring (oud en nuwe koorlede) vind plaas op Woensdag, 14 Febr vanaf 14:00 - 15:00 vir Graad 4 + 5 en 15:00 - 16:00 vir Graad 6 + 7.
Junior koor (Gr 1-3) word in musiek-klas tyd gekeur. Sodra alle leerders gekeur is, sal briefies uitgestuur word aan dié koorlede wat suksesvol was.

15 **FONDSINSAMELING:**

Ons het 'n groot fondsinsameling vir Kwartaal 1 en 2. Daar word 'n 2018 VW Vivo 1.4 Conseptline uitgeloot saam met NTT Volkswagen. Trekking van pryse word met die Wildsfees gedoen. Die karretjie is die 1ste prys. Die kind wat die meeste boekies/kaartjies verkoop kry R1 000; die gesin wat die meeste verkoop, wen gratis skoolgeld vir 2 kinders en die klas wat wen kry 'n uitstappie. Die boekies sal teen volgende week beskikbaar wees. Baie dankie dat ons op u samewerking kan staatmaak.

16 **VOORTREKKERS**:

Suikerboskommando se gesamentlike kommando opening vind plaas op Dinsdag, 23 Januarie; 17:00-18:00 by die Gereformeerde Kerk h/v Pretorius en Louwstr. Ons skop weer die jaar af met 'n heerlik **WAATLEMOENFEES**! Trek ou klere aan.
Nuwe maats is baie welkom. Ouers wat betrokke wil raak by 'n span, kontak gerus vir Marlize (083 704 699).

17 **LOCKERS**:

Lockers is beskikbaar teen R200 vir die jaar by Heléne in die kantoor.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF